Direkteur Begeleiding

NG Kerk in Oos-Kaapland

Ds Danie Mouton

Tel 041 365-3159 (k) - Sel 082 9234 178 - danie@ngkok.co.za
Posbus 34842, Newtonpark, 6055

---

28 Julie 2009

AAN: LERAARS, NG KERK IN OOS-KAAPLAND

Kollegas,

VESTIGING VAN PLAASLIKE NETWERKE MET DIE OOG OP 2010-WÊRELDSOKKERBEKER

Ek het reeds vroeër aan julle geskryf met die versoek van die Sinodale Kommissie dat julle op grondvlak help om in julle dorpe en stede plaaslike netwerke / komitees tot stand bring. Die doel van dié plaaslike komitees is om die amptelike en interkerklike 2010-projek, bekend as *The Ultimate Goal*, te help om inisiatiewe rondom sport en evangelie op grondvlak te loods.

Die Sinodale Kommissie, bestaande uit ringsverteenwoordigers, is opgewonde oor die geleentheid wat die wêreldbeker gemeentes bied om - oor allerlei grense heen tot - diens van die Here en die gemeenskap te wees.

The Ultimate Goal skryf in onlangse kommunikasie aan NG-dominees:

> "Ons wil u as leraars van die NG Kerk bedank vir die bereidwilligheid om 'n rol te speel in die vestiging van 'n netwerk in die Oos-Kaap met die oog op 2010. Hierdie kommunikasielyne sal uitmond in 'n effektiewe werk-netwerk in elke dorp en area sodat almal kan baat by die unieke geleentheid wat 2010 bied".

Baie dankie aan almal wat reeds gereageer het om samewerking te gee.

MEER SPESIFIEKE VERSOEKE

Soos die prentjie duideliker begin uitkristalliseer wat die presiese evangelisasie-projekte in gemeenskappe sal behels, kan die mense van *The Ultimate Goal* nou meer spesifieke versoeke begin rig. Daar word in elke gemeenskap gesoek na 'n koördineer plus ander rolspelers, waaronder 'n HUB-gemeente (dit hoef nie die NG Kerk te wees nie), en 'n HUB-skool.

Die volgende versoek word derhalwe weer / opnuut gerig aan elke NG Gemeentes:

1. Die naam en kontakbesonderhede van die persoon (**koördineerder**) wat in u dorp / area verantwoordelikheid neem om die proses te fasiliteer. *Indien julle nog nie so 'n persoon geïdentifiseer het nie, doen dit asb nou - dit hoef nie die dominee te wees nie, maar verkieslik 'n sportman, sport-onderwyser, of sport-kundige*;

2. Die **gebedskoördineerder** vir die dorp/area waarheen alle inligting rakende gebed vir 2010 gekommunikeer kan word.
3. Die **kerk** in u gemeenskap wat as HUB- of skakel-gemeente vir die 2010 uitreike sal optree.
4. Die **skool** in u gemeenskap wat as HUB-skool sal optree vir sokker en lewensvaardighede-opleiding. *Skakel asb met skoolhoofde en beheerliggame in u gemeenskap.*

Ons benodig die naam en van van die persoon, watter dorp of streek hy/sy verteenwoordig, taalvoorkeur in kommunikasie(Afrikaans of Engels), telefoonnommer, selfoon-nommer, e-pos adres.

Vir meer inligting of navrae kontak **Sugnét van Wyk** by 083 401 4517, theultimategoal@tcn.org.za

Gee bogenoemde inligting deur aan Sugnét van Wyk (en nie direk aan die sinodale kantoor nie).
E-pos: theultimategoalec@tcn.org.za.
Faks: 041-5815750 (merk: Vir aandag Jenny Cape).

Engelsprekende persone kan navrae rig aan Jenny Cape by 041 581-5750.

U kan ook die webwerf besoek by:
www.theultimategoal.co.za of www.theultimategoaleasterncape.com

Ons waardeer u tyd en samewerking.

Voorspoed en seën in oorvloed.

Ds Danie Mouton
Direkteur Begeleiding
(namens *The Ultimate Goal*)